Is daar lewe na die

LIEDBOEK VAN DIE KERK?

IZAK GROVÉ

Prof Izak Grové is 'n professor in Musiek by die Universiteit van Stellenbosch.

Die sonderlinge aanhef tot Psalm 58 (Op die wysie van "*Moet dit nie verwoes nie!")* – op die oog af 'n herinneringswenk aan die koorleier – kan in ons verbruikersamelewing seker etlike toepassings vind. Wanneer die pleidooi regstreeks op die verwarrende musikale bedieningspraktyk binne en rondom spesifiek die gereformeerde kerkverband betrek sou word, word 'n mens egter genoop om spontaan saam met Dawid uit te roep.

In die hieropvolgende word probeer om 'n padlangse, kritiese bydrae te lewer tot 'n situasie wat betekenis het vir die toekoms van die gereformeerde kerktradisie. As poging tot billike "beslissings in die sake tussen mense" (Ps. 58:2) wil dit ook nie 'n gekamoefleerde pleidooi vir 'n spesifieke tradisie, soos verteenwoordig deur die Liedboek, wees nie. Dit moet verder beklemtoon word dat dit hier in die eerste plek gaan oor die liturgiese funksie van musiek binne kerkverband, waarmee nie gesê word dat buite-kerklike (musikale) aktiwiteite goedskiks geïgnoreer wil word nie. Die parameters dáárvoor is egter uiteraard anders, en sal noodwendig anders benader moet word.

By geleentheid van die Stellenbosse Woordfees (Maart 2003) het ook die Afrikaanse kerk-woord (en –Woord) aan die orde gekom, by wyse van 'n hulde aan Afrikaanse digter-medewerkers aan die Liedboek van die Kerk (2001). Wat normaalweg 'n feesgeleentheid met die gebruiklike (letterlike en figuurlike) fanfares sou gewees het, het egter ook die letsels van versteuring en onsekerheid getoon. Die relatief klein opkoms was die neerslag van 'n duidelik ongemaklike omgang met die Kerk se "amptelike" musiekgoedere. Die klem het – soos dit hoort by 'n Woordfees – meer op die digterlike vaardighede van mense soos Lina Spies en TT Cloete geval, en nie soseer op die musiek nie. Die pynlike besef van die noodsaaklike besinning oor die tema Musiek in die Kerk is egter opnuut onder die aandag van die teenwoordiges gebring deur Braam Hanekom se kort bydrae. Sy hoflike kritiek was moontlik onvanpas by so 'n feesgeleentheid, maar nietemin nodig. Dit was nie die eerste van die aard nie. Reeds in die Kompanjiestyd is bedenkinge oor die destydse kerksang uitgespreek, en die meer "onlangse" gesprekke oor musiek in die kerk dateer terug tot minstens die sestigerjare van die vorige eeu. Sulke gesprekke (of dan eerder kommentare en uitsprake) is geensins beperk tot die (destyds geïsoleerde) Afrikaanse kerkgemeenskap nie – dit was, en is steeds deel van 'n wêreldwye veldtog met vernuwing en eietydse relevansie as slagspreuk.

Maar twee liedboeke later (1978 en 2001) – en gepaardgaande groot uitgawes – het die tyd vir gesprekvoering binne die kerk skynbaar uitgeloop. Woorde word trouens vir 'n geruime tyd reeds deur baie as verkwisting beskou en word op 'n wye basis vervang met musikale dade, soos deur Hanekom aangedui is. Kwessies wat daardeur aan die orde wil kom, staan in die teken van vernuwing, en sluit in sake soos musikale ekumenisiteit, die rol en skynbare verwagtinge van die jeug, en kontekstualiteit binne gemeentelike verband, almal waardige en sinvolle oorwegings. Die realiteit is dat die *Liedboek* deur baie gemeentes geïgnoreer word, en vervang word met musikale keuses wat deur middel van "eietydsheid" aanspraak wil maak op groter relevansie vir vandag, in die proses waarvan ook Afrikaans haar as kerktaal soms in die branding bevind.

Waarin lê dit?In 'n artikel oor "liturgiese kitsch" en die gereformeerde ritueel, deur Cas Wepener en Bethel Müller (NGTT 42/3-4, pp. 480-493) word dié term omskryf as die "ongenuanseerde, teologies onnadenkende weglaat en byvoeg aan die liturgiese … rituele", 'n woordkeuse wat sonder veel moeite ook van toepassing gemaak sou kon word op die musikale ritueel in die kerk. Daar is ook ander redes, waarop mettertyd ingegaan sal word. Wat wel van groter belang is, is of daar hoegenaamd nog die wil en geneentheid bestaan om die een of ander vorm van werkbare (en "amptelike") praktyk te vestig.

Kort historiese agtergrond

Die historiese klem op musiekestetiese ideale in die opleiding van musici (soos verteenwoordig deur die kanonieke musikale kunswerke tussen die 18de en 20ste eeu), ten koste van die funksionele sy van die musikale kuns het noodwendig ook gelei tot ’n beklemtoning van historiese kunsmusikale ideale binne die kerk. In die breë was dit in elk geval so binne die NG Kerk sedert ongeveer die helfte van die 20ste eeu. Die orrelis as kerklike kultuurleier het hom/haar dienooreenkomstig geroepe gevoel om daardie erfenis te bewaar, ongeag die bestaan van moontlike ánder voorkeure of vergelykbare insigte van ander individue binne en buite dié veld.

Die “musikale” opleiding van leraars, aan die ander kant, het, in teenstelling met dié van bv. hulle Lutherse eweknieë, veel te wense oorgelaat. Die historiese rol van die liturg in Calvinistiese verband was relatief musiekvreemd, en dikwels tot op die punt van onbetrokkenheid. In teenstelling met Luther se beklemtoning van musiek as “Goddelike geskenk” aan die kerk, was die Calvinistiese obsessie met die “suiwer” Woord van so ’n aard dat beperkende maatreëls om musikale elemente in die diens effektief aan bande te lê, vroeg reeds in werking gestel is.

Die buitengewoon aktiewe rol van musiek in ons moderne samelewing dwing egter ook die kerk tot aksie. In die afwesigheid van ’n ontwikkelde historiese musiekpraktyk was die onafwendbare gevolg dus dat moderne benaderings tot musiek in baie gevalle uitsluitlik op persoonlike voorkeure gebaseer sou wees. Hiermee het ons in presies dieselfde probleemsituasie beland as met die kritiek op kerkmusici se “eensydige” standpunte, met noodwendige wrywing as resultaat.

Die orrelis/musiekleier as liturgiese hulp

In vergelyking met bepaalde buitelandse praktyke is plaaslike musiekleiers normaalweg ongeskoold in himnologiese en musiek-liturgiese aangeleenthede. Sulke studies sou benewens historiese insae in die rol van musiek in liturgiese verband, ook aandag kon skenk aan moderne eise wat aan die kerkmusikus gestel word. Vroeëre diplomas en lisensiate in kerkmusiek het feitlik verdwyn, en huidige orreliste-opleiding word grotendeels beperk tot basiese speelvaardighede.

Nie dat niks gedoen is nie. Die aktiwiteite van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV) gedurende die afgelope meer as 20 jaar was betreklik suksesvol om aan veral die konserwatiewe ouer garde op die kerkmusiekfront ’n relatief geïsoleerde podium vir selfverryking te verskaf en ’n bepaalde *status quo* van ouer musiekideale te (probeer) herbevestig en uit te bou. Die SAKOV-mondstuk publiseer gereeld kommentare en wenke vir predikante, orreliste en koorleiers. In-diens opleiding van orreliste kon om praktiese redes egter nouliks op groot skaal deur so ’n organisasie aangepak word. Publikasies van liturgiese orrel- en koormusiek (sedert die sewentigerjare aan die UOVS), is toegespits op die deursnee gereformeerde orrelis, maar het om verskeie redes nie die aanvanklik gestelde doelwitte bereik nie.

Dat die repertorium van sulke orreliste ’n goeie skeut historiese kerkmusiek sal insluit, is dus meer ter wille van die kunswaarde van sulke musiek, as die moontlike toepaslikheid in die gereformeerde erediens. Die gevolglike tekortkominge in die kerkmusiekpraktyk is ooglopend: geskoolde uitvoeringsvaardighede is nie noodwendig ’n outomatiese getuigskrif vir die orrelis se begrip vir en veronderstelde lewendige aandeel aan die liturgie nie. En die vaardighede van die deursnee gereformeerde orrelis is dikwels beperk tot wat neerkom op starre en onpersoonlike patroonmatigheid, met geen of min verbeeldingryke benutting van die instrument se baie moontlikhede. Gerigte opleiding in laasgenoemde opsig behoort in baie gevalle ’n doelmatige teenwig te wees vir die gereëlde oproep om “instrumente” in die kerk (lees: alternatiewe vir die orrel), iets wat in die meeste gemeentes nouliks suksesvol en op aanvaarbare peil sonder groot addisionele kostes gerealiseer kan word.

Oor sulke “alternatiewe”: Daar bestaan geen rede meer om slegs die orrel vir die begeleiding van gemeentesang te gebruik nie; die orrel ís bloot steeds ’n goeie instrument vir die doel, en verseker deur die historiese assosiasie daarvan met die kerk die nodige afstand van die musiekpraktyk van sowel die konsertsaal as die winkelsentrum, sokkiejol en fliek. Die natuurlike klankproduksie van die instrument is verder ook in goeie (musiekestetiese en argitektoniese) eenklank met die natuurlike elemente van klip en hout, in teenstelling met die sintetiese klanke en apparate van byvoorbeeld die musikale vermaaklikheidsindustrie. Die oënskynlike voordeel van laasgenoemde elektroniese middele in kerkverband is dus duidelik beperk tot wat beskou word as die “eietydse” (lees: populêre) aard daarvan. En die deursnee “alternatiewe” kerkmusikant kan eenvoudig nie iets sinvol aanvang met iets soos die “God is hier teenwoordig”

of “Is dit, is dit my Koning” nie. Musiek wat nie uit die tradisionele sfeer afkomstig is nie, is dus ook in hierdie opsig ’n natuurlike keuse vir die kerkmusiek-amateur.

(Terloops oor die omgekeerde van dié punt: die opvatting dat die orrel nie in staat sou wees om sogenaamde “moderne” populêre idiome en style te akkommodeer nie, is ’n veralgemening – ’n mens hoef slegs kennis te neem van die belangrike funksie van die nou-verwante konsertorrels in bioskoop-teaters van die twintigerjare, en die sukses van vermaaklikheid-skunstenaars met die Hammond-orreltjies van die sestigerjare. Die probleem lê veel eerder in die tradisionele kerkmusikus se afkeer jeens sulke speelstyle en die musiek wat daarmee geassosieer word.)

Die ongeregverdigde netelige posisie van die orrel word ongelukkig vererger deur ongegronde kritiese uitsprake deur (baie!) enkelinge, soos die ongelukkige bewering dat jong mense nie graag na orrelmusiek luister nie (Die Kerkbode/Profiel, 15 November 2002). Dieselfde advertensie (vir ’n CD met “alternatiewe” musiek – hoe anders?) se aanmatigende en veralgemenende stelling dat orrelmusiek jongmense “…verhinder om hulself te kan uitdruk in aanbidding en lof aan God …” is ’n ongelukkige woordkeuse wat moontlik die woordvoerder se plaaslike probleem tot uitdrukking bring, maar wat op die oog af verdag baie lyk na nog ’n voorbeeld van magsmisbruik, gemik daarop om jonger mense nog verder van die orrel te vervreem, en so ’n slag te slaan vir persoonlike musikale voorkeure. (Die dominee het gepraat, en ons sal luister.) (Net terloops, die gebruik van sulke opnames van populêre geestelike liedjies - as “begeleiding” (“backtracks”) – verteenwoordig die volgende fase van afplatting en ontwaardiging van sowel die kerk as die musiek in die kerk.)

Wat ook terdeë besef moet word, is dat vir elkeen wat ontuis voel in die kerk as gevolg van die gebrek aan “eietydsheid”, daar ook diegene is wat juis musikale reklamefoefies ter wille van groter en jonger lidmaatgetalle liefs wil vermy.

(Verder, as ons werklik ernstig is oor goeie alternatiewe vir die orrel: Daar is ’n groot aanbod van bekwame konservatorium-geskoolde instrumentaliste wat as gevolg van die bedremmelde openbare kunstebeleid werkloos is, en beskikbaar sou wees om op georganiseerde basis bruikbaar te wees as werkbare “alternatiewe” vir die orrel…)

Estetisisme?

Oor wat dan eintlik mag, is daar ook ’n “ander kant”: In die kerkmusiekpraktyk is kanonieke kerkmusikale waardes beperk tot veral die erfenis van die musikale hoogbloei van die Europese Renaissance en Barok. In die geval van orrel- en koormusiek was die nalatenskap van JS Bach prominent; en ons het maar eers onlangs kennis gemaak met die wêreld van die 19de eeu. As kritiek op die samestellers van liedboeke gemik was op die on-Suid-Afrikaanse aard van sulke musiek of (waarskynliker) die eiesinnigheid van kommissies, het hulle dus ’n punt beet gehad. Vanuit die bovermelde musiekestetiese standpunt wat aan die ouer historiese kerkmusiek-tradisies ’n dikwels onregmatige voorrang verleen het, is nuwe tendense (en gemeentelike behoeftes) op plaaslike kerkmusiekgebied grotendeels weggekritiseer of geïgnoreer. In dié proses, moet mens beken, is die baba dikwels saam met die badwater uitgegooi. Danksy “versagtende omstandighede” is daar wel in die 1978-liedboek (en nog meer so in die Liedboek van die Kerk, 2001) plek ingeruim vir “minder gereformeerde” (en esteties “mindere”) musiek vanuit (bv.) die Engelse tradisie. Die ideale kerkmusikale mylpale is dus verby die Geneefse erfenis van die 16de eeu en die Lutherse hoogbloei van die laat 17de eeu gestoot, om ook die 19de-eeuse gevoels- en beleweniswêreld van die Wesleys, Sankeyen andere (soos verteenwoordig deur die sg. “Hallelluja”-liedere) te kon insluit. 20ste-eeuse kerkliedere in die huidige liedboek, en wat ook artistieke toetse mag slaag, sluit in nos. 162 (ook by 302 en 311), 546, 269, 300, asook sommige uit die Taizé-repertoire. Die gebalanseerde eindresultaat ten spyt, kan uit die ontvangs van die boek moontlik afgelei word dat dit weer eens ’n geval was van te min, te laat.

Die tempo van vernuwing binne kerkmusiek-kommissies is dus skynbaar stadiger as dié van sommige gemeentes (en daar ís verskille tussen gemeentes). Die onomstootbare feit van ons dag is dat die internasionaal erkende eis om tydgenootlike relevansie van die kerk in al haar fasette (dus ook ten opsigte van musiekstyl en “toon”) om bovermelde redes steeds nie in die plaaslike kerkmusiekveld genoegsame erkenning gevind het nie, en só die hek oopgelaat vir musikale “alternatiewe”.

Daarby moet ook besef word dat vernuwing per definisie geensins uitsluitlik op eksterne toevoegings/ vervangings neerkom nie; die rol

van liturge, orreliste en gemeentes in die vernuwende herposisionering en herwaardering van ouer musikale tradisies binne liturgiese verband bied baie moontlikhede. (Benaderings soos 'n flinker tempo van veral Geneefse psalms, verbeeldingryke begeleiding en beurtsang bring mens al veel nader aan 'n sinryker verkondigings- én belewenisfunksie.)

Musiek vir die jeug / die ekumene?

Die Liedboek maak wel uitgebreide voorsiening vir die behoeftes van die gemiddelde lidmaat, maar "musiek vir die jeug" is skynbaar steeds 'n probleemveld. In die reeds vermelde artikel word in die verbygaan gewys op die noodsaaklikheid om aandag te gee aan die jeug " … se belangstelling in musiek as medium van verkondiging en viering". As die stelling gelees sou word asof so 'n verkondigingsmodus nuut is, moet mens beswaar maak; die eerste Hervormers se hele bedoeling met die musiek in die kerk was nie in konflik met so 'n gebruik van musiek nie. Nou is dit skynbaar vir baie 'n uitgemaakte saak dat so 'n verkondiging slegs spesifieke musikale style sal veronderstel, soos verteenwoordig deur die vermaaklikheidswêreld, en wat reeds vroeër deur ander kerkverbande (by name dié van charismatiese aard) omarm is. Onlangse (tragiese) pogings met 'n sogenaamde "eietydse" *remix* van die Liedboek kom neer op 'n kortsigtige kapitulasie voor hierdie oorweldigende mag van toegeeflikheid, smaakloosheid en gelykmaking. Daarmee kom ons na aan die ewe dwarssinnige 19de-eeuse "Ceciliaanse" opvatting dat alleen die 16de eeuse styl die "ware" kerkmusiek sou verteenwoordig het.

Die oorname van stylgoedere vanaf die populêre sfeer, getooi met "geestelike" woorde, kan en mag nie die finale antwoord vir 'n verantwoordelike en besinnende kerkpraktyk wees nie. (Argumente wat die teendeel juis vanuit die geskiedenis van bepaalde melodieë wil bewys, neem gewoonlik nie kennis van die volle musiekhistoriese werklikhede nie.)Musiek wat kritiekloos van buite die kerk, vernaamlik die vermaaklikheidsmilieu, "oorgeplant" word, soos wat tans grotendeels die geval is, skep bloot nuwe probleme, soos misleiding en middelmatigheid. Oplossings vir die musiekdilemma moet aan 'n veel breër front gesoek word as net gerieflik-nabye *cool* musikale alternatiewe vir orrelbegeleide Psalmsang. Musici (dit wil sê nie iedereen wat 'n kitaar het, en wie se "kunstenaar"-status skynbaar sonder meer aanvaar word nie) moet die uitdaging aanvaar deur werklik eietydse nuutskeppings te voorsien, maar dan op 'n georganiseerde wyse waaraan alle betrokkenes deel behoort te hê.

Die eis om 'n groter mate van ekumenisiteit is vanselfsprekend, iets waaraan die Liedboek probeer het om te voldoen. 'n Kwelvraag wat in dié verband egter ook aan die voorstanders van populêre ekumeniese liedere gevra moet word is dié na die posisie van "outydse" en bewese ekumeniese liedere soos Psalm 68, *Ein' feste Burg* en *The church's one foundation*, wat elders in die wêreld wél nog 'n status hetWaarom is dit dan so problematies om ons jeug ook iets van die kerkmusikale tradisie en (ja ook Suid-Afrikaanse) kultuurhistoriese erfenis by te bring?(Vergelyk Wepener en Müller se begrip van "inkulturasie".)Die vinnige antwoord dat jeugdiges nie meer met sulke ouer tradisies kan assosieer nie, het sekerlik gronde in die afwesigheid daarvan in die gesekulariseerde skoolpraktyk, maar hou uiteindelik moontlik eerder verband met teologiese as met musikale vraagstukke: die vermelde artikel verwys ook na " 'n teologie en spiritualiteit wat net so vlak is soos die lirieke [kan ons nie tog maar praat van "tekste" nie?–IJG] van talle van die liedere wat daarmee saamgaan". Die oorweldigende persepsie dat musiek allemans-verbruikersgoed is wat deur enigiemand op enige wyse gebruik en misbruik kan en mag word vir enige doelwit, en – soos dikwels in die populêre sfeer - sonder noemenswaardige evaluering, kan op geen wyse vereenselwig word met goeie teologie nie, tensy dit moet dien as verbygaande plesierige vervanging van goeie prediking en teologie. Die indruk van musiek as 'n té maklike (en enigste?) teiken van "vernuwingsaksies" is onrusbarend sterk. Die gebruik om die kinders vroeg uit die diens te verwyder (ook om eenkantánder liedjies as dié van die grootmense te gaan sing) ontneem hulle ook die enigste geleentheid om kennis te maak met die gewraakte "outydse" musiek. (Die media speel heelhartig saam hierin; die Sondagoggend-radioprogram (RSG) bied in dié opsig byvoorbeeld wel verskeidenheid van genres, maar het eerder die voorkoms van 'n soort omvattende historiese treffersparade, sonder noemenswaardige opvoedkundige of evaluerende inslag.)

Dit bring mens by die veel groter, en veel meer grondliggende probleemveld, wat tot dusver deur sowel plaaslike kerkmusici as teoloë braak gelaat (vermy?) is, nl. die verband tussen musikale en gereformeerde tradisies, as daar een is. Behalwe vir die vraag na wat "gereformeerdheid" vir die gewone lidmaat moet beteken; sou ook vrae soos of álle "spiritualiteite" (en gepaardgaande musikale ekwivalente) sonder meer- en steeds *reformata* én *reformanda* - akkommodeerbaar is; verder, wat die posisie van (onder meer musikale) erfgoedere is teenoor die maklike plaaslike styl namaaksels van populêre liedjies; wáár die grense tussen blote eiebelang en verkondigende opheffing deur middel van musiek lê; en wat uiteindelik werkbare "maatstawwe" behoort te wees (of is 'n vae Romantiese "aanvoeling" voldoende?). Tot tyd en wyl groter duidelikheid hieroor bestaan, sal lokale oplossings bly voortwoeker.

Geluide waarvolgens beoog word om meer aandag aan "kuns" in die kerk te gee, gee mens nuwe hoop, net om dan vas te stel dat daarmee eintlik danse en afbeeldings bedoel word (nog steeds "gereformeerd"?)Die Kerk se historiese onbetrokkenheid (om nie te sê afwysendheid nie) jeens die kunste in die algemeen, en meer so jeens kuns binne die kerk, maak nie juis voorsiening vir besonderse kundighede in dié verband nie. Die gevaar dat sulke opsies ook mag verval in onprofessionele, ondeurdagte "aangevoelde" oppervlakkige alternatiewe, en dus nader mag beweeg aan "kunsmatigheid", is dus wesenlik. Lg. is in elk geval die huidige situasie met die musiek, die één kunsvorm waarvan ons wel 'n geringe tradisie het, maar wat duidelik nie op sulke vernuwers se kerklike kuns-tekenbord is nie.

Hoe verder?

Die gereformeerde verband sal in 'n groter mate – en op ingeligte wyse – betrokke moet raak by die rol van musiek (en ander kunste, en dan primêr as verkondigingshulpmiddele, nie reklametruuks nie) as wat tans die geval is. Fasette soos die opleiding van musiekleiers, soos by wyse van inspraak in leerplanne, identifisering van begaafde kerkmusici, raadpleging met alle belanghebbendes, beurse vir kerkmusici, ooreengekome riglyne en maatstawwe, teologiese kurrikula wat ook leraars mag toerus vir die musikale taak, besinning oor watter soort vernuwing wenslik / uitvoerbaar is, die rol en betekenis van die kerkmusikale erfenis, ens. kom hierby ter sprake. Die behoefte aan 'n aktiewe interkerklike organisasie, moontlik gekoppel aan 'n universiteit, en waar, benewens navorsing, die eietydse kerkmusiekbehoeftes in 'n behoorlike samewerkings-ooreenkoms met die gereformeerde kerke op 'n verantwoordelike en professionele wyse ontgin en ontwikkel kan word, was nog nooit so dringend soos nou nie. So 'n opleidingsinstansie sou die tradisionele voorrang van ouer ideale soos die orrel en historiese musiektradisies sinvol kon herdefinieer om ook fasette soos komposisie in 'n gemotiveerde en geëvalueerde eietydse idioom, verwerking van musiek, kreatiewe musikaal-liturgiese funksies, e. d.m. kon insluit. In etlike gesprekke wat ek met 'n begaafde en toegewyde teoloog-digter soos wyle Attie van der Colf gehad het, het die moontlikhede van bv. goeie alternatiewe, maar kultureel-egte musiek in die Suid-Afrikaanse konteks (miskien vergelykbaar met dié van die Taizé-repertorium?) gereeld ter sprake gekom.

Ons klein kerkgemeenskap het dus duidelik nog veel om te leer en te doen, iets wat deur die beoogde hereniging van gereformeerde susterkerke, met hulle duidelik verskillende benaderings (ook tot die "musiekprobleem"), 'n baie lang en moeisame pad voorspel. Dis egter duidelik dat 'n onsensitiewe omgang met sowel tradisie as die behoeftes van die teenswoordige slegs konflik as resultaat kan hê, en dat 'n nuwe en daadwerklike besinning oor 'n wye front 'n voorvereiste is vir 'n sinvolle musikale verkondiging, 'n verkondiging wat kortpaaie sal vermy. Anders roep Dawid ons tevergeefs tot orde.